

Die sakrament van die Nagmaal bring balans.

Teks: Kol 1: 15 - 20 & HK Sondag 28
Teksvers: Kol 1: 17

1. Inleiding

Watter plek in die omvang van my lewe neem die Nagmaal in? Ons leef vandag baie komplekse lewens. Baie mense se beroep behels lang ure. Sodat hulle bitter min tyd oor het vir ander sake. Verder is daar ook baie ander eise wat die lewe aan ons stel. Daar is baie dinge waarvoor ons moet besluit en ook moet uitvoer.

Wanneer 'n mens dan met mense praat, dan is die goue antwoord gewoonlik balans. Alles moet gebalanseer wees. Daar moet nie te veel aandag in een spesifieke aspek van 'n mense se lewe ingaan nie. En dit is juis hier waar ons dwaalleer insluip. En dit was ook so in die gemeente van die Kolossense. Want dit is al 'n ou dwaalleer.

Hierdie dwaalleer sien verskeie sake in die lewe en wêreldbeeld raak. En Geloof en die Rol van God word dan maar net gesien as een aspek van alles. 'n Mens moet besig wees met geloof volgens hierdie leerstelling. Maar volgens hierdie leerstelling moet jou geloof ook sy plek ken.

As hierdie leerstelling dan so min plek het vir God die Vader, dan word Jesus se rol nog kleiner. En dan word redding eintlik ook iets wat maar verkry word deur 'n aantal komponente in my lewe in balans te hê. Dan word die viering van die nagmaal eintlik maar net die minste van dit wat ek moet doen om gered te word.

Die verdere probleem met hierdie benadering, is die siening van myself in vergelyking met die Here. Die idee dat ek nie te veel tyd en moeite aan geloof moet afstaan, spruit voort uit die gedagte dat ek beter as dit is. Dat my kosbare tyd en moeite nie na die kerk en geloof toe moet gaan wat swakker as ek is nie. Tog is die dwaalleer in so 'n verduideliking duidelik. Ek is mos nie die oorsprong en middelpunt van alles nie.

2. Die oorsprong van alles

Alles speel 'n groot rol in hierdie teksgedeelte. Die woord alles kom immers agt keer in hierdie vyf verse voor. Dit is ook getrou aan die oorspronlike grieks waar die woord alles ook 8 keer voorkom. Want wat Paulus hier wil bereik is om God drie-eenig weer sy regmatige plek terug te gee in die beskouing van die kolossense. God is nie maar bloot een van die almal nie. Ons lewe in 'n kultuur waar daar ook nie meer plek is vir 'n soewerene opperwese nie. Alles en almal moet gelyk wees en die reg uitoefen om vir hulleself te besluit. Wanneer daar dan te veel aandag aan een ding gegee word, verloor ons mos die balans.

Maar dit is nie waar nie. Want sonder God en die wil van God was hier niks nie. God is die soewerene oorsprong van die alles. God het absoluut uit vrye keuse besluit om alles te skep. Ja alles insluitend konings, heersers, maghebbers en gesagvoerders soos ons in vers 16 sien. Ja ook moderne dinge soos wetenskap, ekonomie en politiek. En van die begin af is Jesus Christus ook verhef bo die skepping. Jesus het nie maar later God geword nie. Hy is deel van God drie-enig en nog altyd God. En daarom is die skepping nog altyd onderworpe aan Hom. En daarom is God nie deel van al hierdie sake wat gebalanseer moet word nie. Want alles is aan God drie-enig onderworpe.

Maar dit is dan ook presies hier waar die probleem kom. Want sien wanneer ons as mense iets anders in plek van God kies, dan is dit nie maar bloot 'n keuse vir iets anders nie. Nee dan is ons besig om die eer wat God toekom vir iemand anders te gee. Dan is ons besig om die lof vir Sy wonderdade aan 'n ander te gee. Vanaf Adam af is ons as mens maar voortdurend besig met hierdie sonde. En omdat hierdie sonde teen die Here is, word dit met die dood gestraf.

2. Die oorsprong van die kerk

Daarom het die dood finaal oor alles geheers. Die balans is dus net versteur nie, dit is heeltaml vernietig. Maar dan sien ons iets anders in ons teks. Ons teks kan in twee dele gedeel word. En die draaipunt waar die tweede gedeelte begin kan gesien word in die middel van vers 18. Want dit is presies ook hier waar sake vir ons begin draai het. Want hier word die heerskappy van die dood gebreek.

Reg van die begin af waar die mens sondig teenoor die Here sien ons al genade van die Here. Hy wis nie alles en almal uit en begin voor nie. God kies in Sy genade mense uit wat Hy red uit hierdie dood wat die sonde teweeg gebring het. Hierdie mense vorm die kerk van die Here. En hier speel Christus ook 'n belangrike rol. Eerstens is Hy die hoof van die liggaam van die kerk soos ons in vers 18 sien. En hierdie rol bly Christus steeds vandag vervul, al is Hy nou in die hemel soos ons in antwoord 76 sien.

Maar soos 'n goeie leier veg Christus voor. Hy is die eerste van alles in die skepping soos vers 15 dit vir ons duidelik maak. En dan is hy ook die eerste wat uit die dood opstaan soos vers 18 vir ons duidelik. Christus oorwin die dood vir die kerk, sodat die kerk se verhouding met God herstel kan word.

Christus kom herstel die balans. Deur ons wat vasgevang was in dood van die sonde weer nader te bring. Ons is verlos deur die feit dat Christus die straf in ons plek gedra het.

3. Die liggaam van die kerk

Maar hoe hou ons as swak sondige mense vas aan die Jesus Christus. Die antwoord is dat ons as swak en sondige mense, dit nie kan doen nie. Soos ons reeds gesien, sal ons gou die balans verloor. As God nie self die geloof in ons werk nie, dan sal ons geen geloof hê waarmee ons aan die Here kan vasgryp nie. Die Heilige Gees kom werk die geloof in ons. Die Heilige Gees wat ook deel is van God drie-enig. Die Heilige Gees wat volgens vraag 76 tegelyk in Christus en in ons woon. In Christus wat volgens vers 19 in sy volle wese God is.

Maar dit kan natuurlik nie net gebeur nie. Want ons is sondige mense, en die sondige kan tog nie met die heilige van God vermeng word nie. Daarom is die bloed aan die kruis nodig volgens vers 20. Want dit is hierdie bloed van Christus wat ons skoon was van ons sondes. Dit is ook hierdie bloed waarvan die wyn tydens die sakrament van die nagmaal, 'n teken is.

Maar juis daarom is dit belangrik dat ons die wyn en die brood eet. Dat ons die brood en wyn inneem. Want soos wat dit wat ons inneem deur ons mond onlosmakend deel word van ons liggaam. So word ons deur die geloof ook onlosmakend deel van die liggaam van Jesus Christus. So word ons soos vraag 76 sê vlees van sy vlees en gebeente van sy gebeente.

Dit is belangrik want dan word ons ook deur Sy liggaamlike offer aan die kruis gered. Deur die bloed wat daar gestort is, word ons verlos. Daardeur word ons weer versoen met God homself. Dit is wat sentraal in die Bybel en ons geloof staan. Dit is die troos wat die kategismus ook deur middel van die sakrament van die Nagmaal vanoggend aan ons bring.

Slot.

Laastens kan ons afsluit deur te terug te verwys na die balans in ons lewe. Eerstens is God nie maar een legkaart stukkie in die oorsprong van alles nie. God se wil is die oorsprong van alles. Daarom moet ons nie toelaat dat ons wêreldbeeld verdraai en verdring word, sodat God maar net 'n klein rol daarin speel nie.

Tweedens het ons gesien dat wanneer ons van God praat, dan praat ons van God drie-enig. Hierdie Christuslied is een van daardie gedeeltes in die skrif wat net nie sal sin maak as die leer van die drie-eenheid ontken word nie. Christus is duidelik al voor die skepping betrokke by die skepping. Maar Hy is nie net betrokke

nie, Hy oefen ook gesag oor die skepping uit.

Maar dan is God ook genadig en los ons nie in die dood waarin die sonde ons gebring het nie. Nee, God kom in genade en red ons in Christus. Sodat ons weer in 'n verhouding met Hom kan staan. Hierdie geloog word elke dag in ons gewerk deur die Heilige Gees. Maar ons moenie die Gees bedroef nie. Ons moet getrou die Gees gehoorsaam wanneer ons gely word na die Woord toe. Na Christus self nie. Ons moenie toelaat dat ander sake in die lewe ons so besig hou dat ons nie by die Woord van die Here uitkom nie. Want ons geloof is nie maar net een komponent van ons lewe nie. Dit is ons lewe.

Amen